



Knip oog



OOGAPPEL ons tuisnywerheid is oop!

Die inwoners van Die Oog gee weer eens gestalte aan "aktiewe veroudering" met die opening van die tuisnywerheid op Vrydag, 18 Maart 2011 in 'n hoekie van die winkel. Heerlike eetgoed en tuisgemaakte goedere is te koop aangebied. Die gemmerbier en maroelabier was ware treffers en al die tuisgebak is uitverkoop.

Inwoners en besoekers word vriendelik uitgenooi om te kom kyk na ons ware. Bestellings kan ook vir spesiale geleenthede geplaas word.



Die Tuisnywerheid bestaan het reeds 18 lede en die bestuur bestaan uit 5 lede. **Enige voorstelle vir gebak, kunsvlyt, speelgoed, ens. van ons ander inwoners sal welkom wees.**

Die lede spreek hul dank uit teenoor die bestuur van die oord vir hulle samewerking.

Inwoners betrokke by gemeenskap

Woensdag 23 Maart was nog 'n hoogtepunt in die ontwikkeling van Die Oog Aftree-landgoed as 'Geloofsgemeenskap'. By die geleentheid het 'n klompie van die inwoners saam met Niël Cronje, een van die Ontwikkelaars, die bekendstelling van 'n 'Bybelsgebaseerde Gemeenskapsontwikkelingsentrum' in die Swart Woongebied van Naboomspruit bygewoon waarby hulle betrokke gaan wees om 'm verskil in die gemeenskap te maak.

Hiermee het een van die Ontwikkelaars se drome waar geword, naamlik dat die Oog Aftree-landgoed deur die inwoners daarvan 'n positiewe impak in die omgewing sal maak. (Sien ook die artikel oor die Daniël Mannekonferensie elders in hierdie uitgawe).

Indien daar nog inwoners is wat betrokke wil raak by hierdie projek, kan die vorm wat by Leonie beskikbaar is, voltooi en in hokkie 31 geplaas word.

**Vir meer inligting kontak asseblief :
Melt Rossouw (Eenheid 31) 082 336 7205**



Inwoners van Die Oog Aftree-landgoed, Niël Cronje (een van die Ontwikkelaars, staande vierde van regs) en Mnr. & Mev. De Koker (eienaars van die gebou, staande tweede van links), wat die bekendstelling van die Gemeenskapsprojek bygewoon het



Inwoners besoek Entabeni

Op Donderdag, 24 Februarie 2011 het 'n groepie inwoners 'n besoek gebring aan Entabeni, 'n pragtige natuurreservaat sowat 60 km hiervandaan. Met dié uitstappie het Ooglopend, Die Oog se bussie, sy(haar??) nooitensvaart onderneem!

Mauritz Hansen was die toerleier en het allerlei geskiedkundige staaltjies en feite met die besoekers gedeel. Na 'n

Vervolg op bladsy 2



Kom ontdek die geheim tot suksesvolle manwees

Manne van Limpopo kry binnekort die geleentheid om in lyn te kom met God se plan vir hul lewens.

'n Daniël konferensie word van 22 tot 24 Julie 2011 by Die Oog Aftree-landgoed aangebied en oupa's, pa's, seuns en broers word genooi om saam hierdie lewensveranderende geleentheid te beleef.

Die Daniël uitreik-konferensie is nou in sy tweede jaar en het al 'n groot impak in baie mans van regoor die land se lewens

gemaak. Hierdie konferensies het posgevat nadat daar 'n behoefte ontstaan het waar mans bymekaar kan kom, die Here saam kan loof en prys en waar daar verskillende temas aangespreek word. Temas wat manne kan help om as man van God te leef en weer te kan voorloop in die werksplek, huishouding, hul gemeente en gemeenskap.

Daniël was 'n man van God van sy tienerjare tot op sy oudag. Hy is vir ons vandag die voorbeeld van hoe 'n man van God moet voor loop in al die fasette van sy lewe.

“Die huis is die 'karakter-fabriek' van die samelewing. Dit is die plek waar 'n kind se waardesistiem gevorm word deur ouers se leiding en persoonlike voorbeeld. As die man wat hoof is van die huis se lewe nie geanker is in die Here nie, weet ons dat die basis vir opvoeding en verhoudingslewe misluk”,

vertel ds. Peet Grobbelaar.

Tydens die konferensies word manne bemoedig wat dalk tam geword het omdat baie dinge nie meer in plek is soos wat God dit in Sy skepping beplan het nie.

Manne gaan huis toe na so 'n uitreik om weer sy vrou en kinders te waardeer en die leiding te neem ten opsigte van hul geestelike lewe en om 'n rolmodel te wees vir sy kinders. Baie huwelike is die afgelopen tyd gered en verhoudings tussen pa en seun en broers herstel nadat “nuwe” mans van die Daniël konferensies af teruggekeer het huis toe. Daar is baie getuienisse hiervan.

By 'n Daniël konferensie sing die manne lekker saam en daar is baie tyd vir gebed. Kom beleef 'n naweek van lewensverandering!

**Vir meer inligting kontak
Melt Rossouw 082 336 7205 of
Bren Rossouw 082 336 7206
(Eenheid 31).**



Skoonheidsalon uiters gewild

Dit bly maar lekker om 'n bietjie spesiale aandag te kry van 'n kundige op die skoonheidsgebied wat daardie tikkie ekstra professionaliteit gebruik om jou vel, hande, lyf, voete of gesig te behandel. Dit is weer duidelik bewys deur die gewildheid van die skoonheidsalon van Die Oog wat tans nog net oor naweke funksioneer.

Die Oog skoonheidsalon lewer die gebruiklike versorg- en skoonheidsdienste met die aanwending van die toepaslike apparaat en goeiekeurde Environ versorgprodukte. Martie de Beer, eienaar van eenheid 37, is 'n puik

gekwalfiseerde en ervare skoonheids-terapeut wat die dienste lewer.

Die doelwit in 'n skoonheidsalon is voorkomsversorging, skoonheid, deeglike versorg en goeie velbehandeling, asook ligte ontspannende massering van areas wat versorg word.

Die Oog skoonheidsalon lewer ook 'n wye reeks Environ versorgprodukte wat op die mark beskikbaar is teen baie goeie pryse vir inwoners.

Dienste wat gelewer word

• **Velbehandelings** – diep skoonmaak van veloppervlaktes en die aan-

vervolg vanaf bladsy 1

wildbesigtigingsrit waarop almal waternat gereën het, het ons middagete geniet by een van Entabeni se lodges.

Die natuurskoon en gasvryheid van die personeel was besonder.

wending van toepaslike rome en middels wat droogheid uitskakel, die vel voed en waar nodig, beskadigde vel help herstel. Velbehandeling is ewe veel toepaslik vir dames en mans. Dit laat almal beter lyk en voel.

- **Manikuur** – versorging van hande en naels.
- **Pedikuur** – versorging van voete en toonnaels is nie net 'n skoonheids-prosedure nie, maar is ook in belang van goeie algemene gesondheid.
- **Tint** van wenkbroue en wimpers.
- **Haarverwydering** – verwydering van ongewenste hare op areas van die liggaam.
- **Refleksiologie** – dit is 'n vorm van voetmassering wat veral daarop toegespits is om die bloedsomloop van die vel en die voete te stimuleer. Dit is ewe toepaslik vir dames en mans.
- **Warmklip-Rugmassering** – dit het hoofsaaklik ten doel om aangenaam en ontspannend te wees.

Inwoners en hulle gaste wat die skoonheidsalon wil besoek, moet vooraf 'n afspraak maak met **Martie de Beer** op haar selfoon **083 569 4518**.



Kursusse by Die Oog

Juweliersware

Petro Roccon het op Dinsdag, 15 Maart 'n kursus aangebied waartydens 'n paar van die dames geleer het hoe om hulle eie juwele te maak.

Aan oorspronklikheid het dit nie ontbreek nie. Die dames het die oggend in gesellige luim deurgebring terwyl hulle hande net so besig was as hul stembande.

Kaartjies

Op Woensdag, 23 Maart het 'n paar dames weer eens bymekaar gekom om saam met Sheila Bosch kaartjies te maak. Dit was 'n groot bedrywigheid en almal kon hul eie idees op die kaartjies weergee.



Dankie en Asseblief

Oefenapparaat

Baie dankie aan almal wat bygedra het tot die apparaat in die gimnasium.

Danksy julle bydraes kan die mans ook nou die apparate benut en saam oefen in die gimnasium.


Boekrakke

Asseblief! Vir nog rakke vir die boeke wat ons ontvang het. Hester Bester en Helen du Plooy is besig om die boeke wat die Landgoed as skenkings ontvang het te sorteer en te merk. Dit het egter reeds gou duidelik geword dat ons nog 'n hele paar staalrakke sal benodig om al die boeke te huisves.



As u dus rakke soortgelyk aan die in die leeskamer het, of weet van iemand wat het, versoek ons u vriendelik om Leonie te kontak by 014 743 4625 of 079 259 9465 of per e-pos leonie.gerber@dieoog.co.za

Mak krokodil maak amok



Talle inwoners het beswaar gemaak toe die Beheerliggaam toestemming gegee het dat Elsabe Cronje haar makgemaakte krokodil mag aanhou by Die Oog.

Gebeure vir April

Die volgende gebeure vind in die volgende maand by Die Oog plaas:

- **Donderdag 21 April: Muntlegging** op die stoep 11:30
Paasoptog na die kruis om 15:00 met **skriflesing** en **gebed**
- **Vrydag 22 April : Paaseierjag** vir die kinders om 16:00
- **Saterdag 23 April: Die Sosiale komitee** bak **pannekoek** en **Jaffels** by die warm swembad
- **Saterdag 23 April: Manuel Escorcio** tree op om 19:30
- **Sondag 24 April: Sonsopokomdiens** op die eiland by die Lapa. Elkeen bring eie **kampstoel**, **Koffie** en **Paasbolletjies**.





Herwin is in

Dit is nou reeds alom bekend dat die mens besig is om die planeet, wat deur die Skepper aan ons geleen is om te beskerm en te bewaak,

tot niet te leef. Ons sien dit op TV, hoor dit oor die radio, lees dit in die koerante en neem dit rondom ons waar: die bevolking is te groot, natuurlike hulpbronne word gestroop en gemors, terwyl afval en rommel roekeloos oor die land besaai lê.

Op ons vlak as inwoners van Die Oog kan ons nie die planeet red nie, maar ons **KAN** ons klein deeltjie bydra – deur elektrisiteit en water spaarsaam en respekvol te verbruik, brandstof te bespaar en **AFVAL TE HERWIN**. Hier word tonne afval geproduseer deur die kombuis, die winkel en kroeg, die besoekers en ons as inwoners – afval wat nuttig herwin en hersirkuleer kan word, maar tans net stortingssterrein toe aangekarwei word.

Die Terreinkomitee het die inisiatief geneem met 'n herwinningsprojek. 'n Werklose groep lokale mense is gewerf om, onder leiding van 'n verantwoordelike persoon, die afval by die stortingssterrein te skei en voor te berei om verwyder te word. 'n Herwinningsmaatskappy van Nylstroom kom verwyder dit vir hersirkulering en betaal die werkers daarvoor. Ons area kom dus skoon, die werkers kry 'n inkomste en ons dra ons deeltjie by tot die vermindering van die “koolstof voetspoor”. Feitlik alle afval is herwinbaar – glas, plastiek, metaal, papier en karton.

Die proses sal soveel gladder verloop indien die afval geskei word voor verwydering na die stortingssterrein. Dit is waar ons



almal met 'n edele spanpoging kan saamwerk. Die personeel by die kombuis, winkel en kroeg het reeds hulle samewerking belowe, terwyl die personeel wat afval verwyder en kontrakteurs gemotiveer word om vroegetydig te skei en sindelik af te laai by die stortingssterrein. Bestuur moet nog 'n plan uitwerk vir besoekers se afval.

Ons as inwoners kan inval by die span deur afval reeds by die huis te skei, al begin ons net met “nat en droog”. Met ander woorde, plaas organiese materiaal soos skille en afvalkos in u vullisdrom (in 'n swart sak asb), terwyl bottels, blikke ens. in 'n aparte houër (kartondoos, winkelsak, ens.) langs die drom geplaas word. Mettertyd kan ons meer gesofistikeerd raak en alles skei. Dit kan pret word, terwyl ons 'n verskil maak aan ons wonderlike omgewing.

Dankie en groete van die Terreinkomitee.

